

1. Volle naam/name van Finansiële Adviseur _____
2. Entiteit van Finansiële Adviseur (bv Mpy/BK/Eenmansaak) _____ Registrasie nr: _____
3. Is u geregistreer vir BTW?

Yes	No
-----	----

 Indien Ja, bevestig BTW Nr _____
4. Besigheidsadres _____
 Posadres _____
 Telefoonnommer _____ Faksnommer _____
 E-Posadres _____
4. Name van Direkteure/ Vennote/ Lede _____
- 5. Professionele Aanspreeklikheidsdekking.**
 Naam van Versekeraar _____
 Aanspreeklikheidsperk

R

6. Verskaf asb name van die Korttermyn Versekerars by wie u tans agentskap het _____
 By wie u in die verlede agentskappe gehad het _____
7. Wat is die beoogde premie inkomste wat ons van u te wagte kan wees in die volgende 6 maande?

R

8. Is u tans 'n lid van enige Versekeringsorganisasie (bv. Versekerings Institute, FIA ens)?

Yes	No
-----	----

 Bevestig asb Instansie naam _____
9. Tipe Versekeringsbesigheid wat u tans doen (persentasie gewys)?
 Korttermyn _____% Langtermyn _____% Medies _____% Ander _____%
10. Is u al ooit insolvent verklaar, bankrot of in kompromie met enige krediteure?

Yes	No
-----	----
11. Het enige Versekeraar al ooit u Maatskappy/BK/Natuurlike regsenteit se aansoek om agentskap nie aanvaar nie en/of gekanselleer?

Yes	No
-----	----

 Indien wel, verskaf asb besonderhede: _____
12. Is daar enige verdere materiele feite wat u aan ons wil openbaar wat die aansoek om agentskap kan beïnvloed?

Yes	No
-----	----

 Indien wel, verskaf asb besonderhede: _____
- 13. Bank Besonderhede**
 Banknaam: _____ Rekeningnaam: _____
 Rekeningnommer: _____ Takkode: _____
 Tipe rekening: _____
- 14. Nakomingsbeampte**
 Naam: _____
 Fisiese adres: _____
 Posadres: _____
 Tel nr: _____ Faks nr: _____
 E-Posadres: _____
15. Is u 'n voorlopige belastingbetaler?

Yes	No
-----	----

 Indien wel, verskaf asb u belastingnommer: _____
16. FSP Nommer? _____
 Naam van Sleutel Individu _____ Verteenwoordigers?

Yes	No
-----	----

 Indien wel, verskaf asb as volg:
 Naam: _____
 ID Nr: _____
 Tel Nr: _____

Datum _____

Handtekening _____

Ek bevestig hiermee dat bogemelde inligting korrek is.

NB: VOORSIEN ASB DIE VOLGENDE ONDERSTEUNENDE DOKUMENTASIE TESAME MET HIERDIE AANSOEK

- Afskrif van Professionele Aanspreeklikheid sertifikaat (polisskedule)
- Afskrif van FSP Lisensie
- Afskrif van ID
- Afskrif van BTW sertifikaat indien geregistreer vir BTW
- Afskrif van Mpy/BK/Trust Registrasie

OOREENKOMS

Memorandum van ooreenkoms aangegaan deur en tussen: BREECAL TRUST IT 1127/2000 hierna genoem TOPSURE

'n Trust in terme van die wette van die Republiek van Suid-Afrika en _____
hierna genoem .DIE FINANSIELE ADVISEUR.

Die partye stem toe tot die onderstaande domicilium citande et executandi.

Die Finansiële Adviseur (adres)

Heuwelsig Sentrum no 5
Leo van den Heeverstraat
Heuwelsig
Bloemfontein
9301
Topsure (adres)

2. VERTEENWOORDIGING

2.1 Topsure sluit hiermee 'n ooreenkoms met die Finansiële Adviseur wat die aanstelling aanvaar met die voorneme en onderhewig aan die beperkings hierna uiteengesit. Die Finansiële Adviseur plaas op rekord en waarborg dat hy optree as 'n agent vir sy eie kliënt/kliente en dat enige handeling ten opsigte van die uitvoer van hierdie ooreenkoms deur hom/haar inderdaad deur Topsure as 'n handeling van sy/haar kliënt aanvaar kan word en plaas die Finansiële Adviseur op rekord dat hy/sy behoorlik gemagtig is om op hierdie basis namens sy/haar kliënt op te tree. Die nodige makelaarsaanstelling/s moet geteken wees deur die klient en ook altyd op rekord beskikbaar wees vir enige inspeksie soos deur wetgewing vereis.

2.2 Die Finansiële Adviseur verklaar hiermee dat daar geen beperkings onder enige omstandighede of regtens bestaan om sy verpligtinge onder hierdie ooreenkoms, uit te voer nie.

3. VOORWAARDES

3.1 Die partye plaas op rekord, dat sou die relevante Versekeraar of Versekerars in terme van hierdie ooreenkoms, die Agentskap van die Finansiële Adviseur kanselleer, vir welke rede ook al, hierdie ooreenkoms gelyktydig daarmee beëindig sal word. Die Finansiële Adviseur kom hiermee ook ooreen om sodanige kansellasië binne 24 uur aan Topsure te kommunikeer, by gebreke waarvan Topsure die reg voorbehou om die ooreenkoms met onmiddellike effek te kanselleer.

3.2 Kliënte word beskou as kliënte van die Finansiële Adviseur en het die Finansiële Adviseur die magte om te handel met die kliënte soos deur die Finansiële Adviseur en die kliënt ooreengekom.

3.3 Die Finansiële Adviseur onderneem om die Voorwaardes, soos deur die versekeraar mondelings en skriftelik oorgedra, uit te voer soos in die voorwaardes uiteengesit.

3.4 Die Finansiële Adviseur erken en onderneem om te voldoen aan die bepalinge van die volgende wetgewing: Wet op Korttermynversekering, FAIS Wet, Algemene Gedragskode en all gepubliseerde Raadskennisgewings.

3.5 Die Finansiële Adviseur waarborg Topsure dat daar geen inligting hoegenaamd deur of die Finansiële Adviseur of die Finansiële Adviseur se kliënt/e vanaf Topsure weerhou sal word wat Topsure se besluit om die Finansiële Adviseur aan te stel sou kon beïnvloed nie, en dat alle inligting deur die Finansiële Adviseur en die Finansiële Adviseur se kliënt aan Topsure oorgedra, in alle opsigte korrek is.

3.6 Die Finansiële Adviseur onderneem dat geen dokumentasie, rekenaarpakette, sagteware van die rekenaars of enige materiaal of kommoditeite soos deur Topsure aan die Finansiële Adviseur voorsien is, beskikbaar te stel aan enige ander persoon, hetsy 'n regs persoon, 'n natuurlike persoon of enige ander instansie sonder skriftelike toestemming van Topsure nie. Die Finansiële Adviseur onderneem veral om nie enige sulke dokumentasie ensovoorts aan enige persoon of instansiewat 'n soortgelyke besigheid bedryf soos die van Topsure, beskikbaar te stel nie.

3.7 Die Finansiële Adviseur onderneem dat hy geen inligting openbaar sal maak aan enige persoon aangaande enige metodes, sisteme, handelsgeheime, besigheidsgebruike, prosedures, graderingstrukture of enige ander interne werke waarvan hy kennis neem in enige stadium hetsy voor, gedurende, of na die aangaan van hierdie ooreenkoms nie. Die Finansiële Adviseur erken dat sou hy nie aan die bepalinge van hierdie paragraaf en enige ander relevante paragraaf hiervan voldoen nie, sy optrede as onregverdige mededinging deur die partye beskou sal word.

4. MANDAAT AAN DIE FINANSIELE ADVISEUR

4.1 Die Finansiële Adviseur is by magte

4.1.1 Om dokumentasie en ander benodighede soos rekenaarsagteware aan hom voorsien deur Topsure te gebruik om punt 3 uit te voer, onderhewig aan punt 4.2 hierna uiteengesit.

4.1.2 Om versekeringsbesigheid te werf soos per die ooreenkoms met die versekeraar.

4.2 Die Finansiële Adviseur mag nie _____ :

4.2.1 Enige kontrakte namens Topsure aangaan nie. Daar word uitdruklik deur die partye op rekord geplaas dat die Finansiële Adviseur nie as verteenwoordiger van Topsure, in terme van hierdie ooreenkoms aangestel word nie.

4.2.2 Enige advertensiemateriaal laat druk of versprei aangaande Topsure sonder skriftelike toestemming vanaf Topsure nie.

4.2.3 Gebruik maak van enige kommoditeite genoem in punt 3 vir enige ander of gebruik as die gebruik gespesifiseer deur Topsure nie.

4.2.4 Enige onderneming of waarborg gee, namens Topsure wat bindend is in enige opsig nie.

4.2.5 Op enige ander manier optree in die uitvoering van die ooreenkoms, behalwe soos uiteengesit in hierdie ooreenkoms nie.

5. EIENDOM VAN TOPSURE

5.1 By die ondertekening van hierdie ooreenkoms sal Topsure die Finansiële Adviseur voorsien van die nodige dokumentasie, sagteware en ander rekenaarhulpmiddels.

5.2 Alle dokumentasie, sagteware en ander rekenaarhulpmiddels wat verskaf word deur Topsure in terme van klousule Sal die eiendom van Topsure bly en sal terugbesorg word by die kansellasie van hierdie ooreenkoms of op aanvraag van Topsure.

6. VERGOEDING AAN DIE FINANSIELE ADVISEUR

6.1 Die Finansiële Adviseur sal geregtig wees op betaling van kommissie en fooie soos ooreengekom met Topsure Bestuur.

7. VOORWAARDES VIR DIE ONTVANGS VAN DIE BETALING VAN KOMMISSIE EN/OF FOOIE

7.1 Kommissies en fooie sal betaalbaar wees indien die Finansiële Adviseur die volgende nakom. :

7.1.1 Na ontvangs van die betaling van alle premies deur kliënte en na rekonsiliasie van inligting vanaf die adviseur ontvang en by ooreenstemming van werklike premie ontvangste.

7.2.2 Slegs indien 'n werklike skedule uitgereik is vir die kliënt soos per voorskrifte van versekeraar.

7.2.3 By betaling van alle premies soos by punt verskuldig aan die versekeraar in verband met versekeringsbesigheid geplaas of hernu deur die Finansiële Adviseur.

7.2.4 Na betaling van alle skulde verskuldig aan die versekeraar of Topsure.

7.2.5 Waar 'n polis hernu is en slegs indien hernuwing plaasgevind het volgens die voorgelegde voorwaarde soos deur die relevante Versekeraar bepaal in terme van sy ooreenkoms.

7.2.6 Enige kommissie en fooie verdien op onbetaalde premies, tesame met nodige bankkoste vir onverhaalde premies, sal die daaropvolgende maand van sy kommissie afgetrek word wanneer rekonsiliasie gedoen word.

7.2.7 Die Finansiële Adviseur aanvaar dat enige onkoste wat hy aangaan, hetsy om polisse te bemark vir hierdie ooreenkoms of andersins, vir sy eie rekening sal wees.

7.2.8 Die Finansiële Adviseur sal nie geregtig wees op enige ander vergoeding as die kommissie en polisfooie soos ooreengekom nie, tensy andersins skriftelik tussen die partye ooreengekom.

7.2.9 Enige dispuut tussen die Finansiële Adviseur en Topsure ten opsigte van die Finansiële Adviseur se reg tot kommissie of ten opsigte van

die bedrag betaalbaar, sal beslis word deur 'n onafhanklike ouditeur (soos deur beide partye bepaal en ooreengekom), wie se beslissing finaal en bindend sal wees.

- (A) Indien 'n geskil of verskil ontstaan tussen die partye met betrekking tot of voortspruitend uit hierdie ooreenkoms, met inbegrip van die implementering, verlyding, uitleg, regstelling, beëindiging of kansellasie van hierdie ooreenkoms, sal die partye onmiddellik vergader om te poog om sodanige geskil of verskil te besleg, en by onstentenis van sodanige beslegting binne 'n tydperk van 14 (VEERTIEN) dae, sal die geskil of verskil vir arbitrasie voorgelê word ooreenkomstig die bepaling van die Wet 42 van 1965;
- (B) Die bepaling van hierdie klousule sal voortduur om die partye te bind ondanks enige beëindiging of kansellasie van die ooreenkoms

8. BEPERKING OP BETALING VAN KOMMISSIE/FOOIE

8.1 Topsure sal daarop geregtig wees om alle gelde met betrekking tot die betrokke dispuut terug te hou ingeval van 'n dispuut tussen Topsure en die Finansiële Adviseur ten opsigte van betaling van kommissie tot tyd en wyl die dispuut opgelos is. Alle ander gelde verskuldig aan die Finansiële Adviseur en wat nie direk betrekking het op die betrokke dispuut nie, sal aan die Finansiële Adviseur betaal word kragtens hierdie ooreenkoms

8.2 In die geval van die kansellasie van hierdie ooreenkoms sal die Finansiële Adviseur geregtig wees om enige bedrag uitstaande tot sy krediet terug te eis na drie maande vanaf kansellasie onderhewig aan alle voorwaardes hierin vervat.

9. KANSELLASIE VAN OOREENKOMS

Hierdie ooreenkoms mag gekanselleer word deur een kalendermaand skriftelike kennisgewing van van die een party na die ander, in so 'n geval:

- 9.1 Sal die Finansiële Adviseur, Topsure se naam binne sewe dae verwyder van alle advertensiemateriaal of skryfbehoeftes van die Finansiële Adviseur. Topsure behou die reg van inspeksie vir gemelde verwydering van Topsure se naam voor.
- 9.2 Erkende metodes van indiening van die kennisgewing sal die volgende wees:
- E pos gerig aan die volgende marius@getcover.co.za
 - Geregistreerde brief aan die volgende Heuwelsig Sentrum no 5, Leo van den Heeverstraat, Heuwelsig, Bloemfontein
 - Faks gerig aan die volgende faksnommer 0866454032

10. VERPLIGTINGE VAN DIE FINANSIELE ADVISEUR

10.1 Die Finansiële Adviseur en Topsure plaas op rekord dat hy/sy feitlik en regtens solvent is by sluiting van hierdie ooreenkoms en dat hy/sy nie 'n ongerehabiliteerde insolvent is nie. Sou die Finansiële Adviseur of Topsure (indien hy/sy 'n natuurlike persoon is) insolvent verklaar word, feitlik insolvent wees, sal Topsure of die Finansiële Adviseur geregtig wees om hierdie ooreenkoms sonder enige skriftelike kennisgewing onmiddellik te kanselleer.

10.2 Om te alle tye te voldoen aan die wysigings, handleiding, instruksies en interne reëlings van Topsure of die versekeraar.

10.3 Om te voldoen aan en onderhewig te wees aan die versekeraar se onderskrywingsbeleid ten opsigte van kliëntkeuring en die neem van korrektiewe aksies.

10.4 Om die hoogste vorm van goedertrou in onderhandeling met Topsure te behou.

10.5 Om die goeie reputasie van Topsure uit te bou en alle redelike stappe te neem om Topsure by kliënte in 'n goeie lig te stel. Die Finansiële Adviseur onderneem om geen lasterlike, beledigende of algemene negatiewe aanmerkings omtrent Topsure of enige personeel van Topsure te maak nie .

10.6 Die Finansiële Adviseur onderneem om voldoende Professionele Aanspreeklikheid versekering in stand te hou wat voldoende dekking bied ten opsigte van enige aksies, eise of vereistes wat enige persoon teen die Finansiële Adviseur kan instel. Hiermee saam moet ook 'n afskrif van die Finansiële Adviseur se huidige Professionele Aanspreeklikheidsdekking aan Topsure voorgele word, ter staving van gemelde dekking. Geen ooreenkoms tussen die partye sal bestaan indien die Professionele Aanspreeklikheidskedule nie ingedien word nie. Topsure behou ook die reg voor om enige navraag aan die onderskrywer te rig en die adviseur erken en bevestig dat geen uitstaande eise teen die Professionele Aanspreeklikheidsdekking ingestel is onmiddellik of tesame met die aansoek nie. Indien eise wel teen die Professionele Aanspreeklikheidsdekking ingedien is moet die adviseur die nodige inligting aan Topsure openbaar.

10.7 Die Finansiële Adviseur sal sy beste poging aanwend om polisse te werf en besigheid uit te bou

11. BETALING VAN PREMIES

11.1 Alle debietorders moet deur die rekeninghouer of behoorlik gevolmagtigde geteken word. Indien deur

gevolmagtigde geteken word moet die skriftelike volmag hierdie aansoek vergesel.
 11.2 Waar 'n kliënt gebruik maak van 'n tjekrekening moet 'n gekanselleerde tjek die debietorder vergesel.

12. ONDESKRYWING

12.1 Topsure aanvaar geen verantwoordelikheid vir die onderskrywing van polisse nie. Premies word verhaal of ontvang soos per opdrag van kliënt en Finansiële Adviseur. Topsure, as kontrakterende party, keur nie die verhalings van kontant premies deur die adviseur goed nie en dat indien die adviseur wel premies deur kontant opname vorder, die adviseur aan die bepalings van art 45 van die Korttermynversekeringswet sal moet voldoen. Indien die aansoeker wel premies kontant vorder moet die aansoeker by aansoek bewys van die volgende verskaf:

- Afskrif van ooreenkoms met Produkverskaffer
- Bewys van aparte bankfasiliteit vir vordering van kontantpremies (brief van bank)
- IGF/Bankwaarborg
- Bestaan van kwitansiestelsel (verskaf voorbeeld van kwitansie)
- Bewys van bestaan van "Fidelity" versekering as deel van Professionele Aanspreeklikheid

12.2 Onderskrywings en uitbetaling van eise sal gemonitor word tussen die Finansiële Adviseur en die Versekeraar.

13. PLIGTE VAN TOPSURE

13.1 Topsure onderneem om die volgende dienste te lewer:

13.1.1 Verhaling van premies soos per debietorder ontvang volgens die Korttermynversekeringswet.

13.1.2 Saam met debietorders 'n rekonsiliasiestaat te doen om seker te maak dat premies reg hanteer word en oor te betaal volgens Versekeringswet.

13.1.3 Kommissies soos per rekonsiliasiestaat voor of op die 15de dag van elke maand aan die Finansiële Adviseur oor te betaal.

13.1.4 Volledige verslag aan die Versekeraar te verskaf, welke verslag op 'n maandelikse basis die voorafgaande maand se verslag skriftelik te lewer.

13.1.5 Sagteware aan die Finansiële Adviseur beskikbaar te stel sodat die Finansiële Adviseur sy besigheid op 'n ordelike manier kan bedryf.

13.1.6 Statistiek beskikbaar te stel soos versoek deur die versekeringsmaatskappy en Finansiële Adviseur.

13.1.7 Goeie skakeling te bewerkstellig tussen die Finansiële Adviseur, Topsure en die versekeraar sodat die Finansiële Adviseur sy besigheid kan bedryf.

13.1.8 Vertroulike inligting sal slegs in ooreenstemming met die bepalings van die PAIA (Promotion of Access to Information Act) hanteer word tesame met die skriftelike toestemming van die adviseur

14. ALGHELE OOREENKOMS

14.1 Hierdie ooreenkoms tussen die Finansiële Adviseur en Topsure en algemene inligting verteenwoordig die algehele ooreenkoms tussen die betrokke partye.

14.2 Die partye erken en aanvaar dat hierdie ooreenkoms alle vorige ooreenkomste vervang vanaf datum van ondertekening van hierdie ooreenkoms.

15. WYSIGINGS

Geen wysigings, byvoegings of veranderinge in terme van hierdie ooreenkoms sal bindend wees tensy dit skriftelik gedoen word en deur beide partye geteken word nie.

16. KENNISGEWING

Geen kennisgewing in terme van hierdie ooreenkoms sal bindend wees, tensy dit skriftelik gedoen word nie.

17. DOMICILIUM CITANDE ET EXECUTANDI

Die partye wys hiermee hulle domicilium aan by adresse soos uiteengesit in die aanhef tot die ooreenkoms.

18. REGTE VAN TOPSURE

Topsure behou die reg om te eniger tyd tydens die bestaan van hierdie ooreenkoms enige dokumentasie, prosedures, handleidings en prosesse te inspekteer en te versoek en die partye hiertoe aanvaar sodanige versoek as billik en redelik.

19. KONTRAKBREUK

Indien enige van die twee partye hierin enige wesenlike verbreking van die bepalings hiervan sal begaan, sal die ander party hierin geregtig wees om hierdie kontrak te kanselleer sonder enige kennisgewing hoegenaamd en sonder benadeling van die reg van die ander party om enige skade wat gely mag word as gevolg van die gemelde kontrakbreuk van die betrokke party wat verbreking van die ooreenkoms begaan het, te verhaal.

GETEKEN TE _____ HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20 _____

FINANSIELE ADVISEUR

OF GEVOLMAGTIGDE

Naam: _____

ID: _____

TOPSURE

OF GEVOLMAGTIGDE Trustee van TOPSURE

Naam: _____

ID: _____

GETUIES: _____